

Pages 450 - 509

COPY FOR MR. PARKINGTON

S. No. 326/323.2(68232) Comv

VOLUME VI.

COMMISSION OF ENQUIRY TO ENQUIRE INTO THE EVENTS
IN THE DISTRICTS OF VERREMGING (namely THE
SHARPEVILLE LOCATION AND NYATON) and VANDERBIJL-
PARK, TRANSVAAL PROVINCE, on 21st MARCH, 1960.

FRIDAY, 22nd APRIL, 1960 - at
9.37 a.m.

APPEARANCES:

AS REPORT.

CONTENTS

M.A. LAMSONAGH:

Cross-examination	Pages 450 - 460
Re-examination	" 460 - 462
By the Chairman	" 462 - 463
By Mr. Glasson - through the Chairman	" 463 - 464

J.C. VISSER:

Evidence-in-Chief	" 464 - 464
Cross-examination	" 464 - 464
Re-examination	" 464 - 469

4-763

COMMISSION OF ENQUIRY TO ENQUIRE INTO THE EVENTS
IN THE DISTRICTS OF VERENIGING (namely THE
SHARPEVILLE LOCATION AND KATON) and VANDERBIJL-
PARK, TRANSVAAL PROVINCE, on 21st MARCH, 1960.

on: FRIDAY, 22nd APRIL, 1960 at 9.45 a.m.

APPEARANCES: AS BEFORE.

MICHEL ANDRIES LABUSCHAGNE, still under oath:

CROSS-EXAMINATION BY MR. KENTRIDGE CONTINUED:

Mr. Labuschagne, I think on consideration I ought to say what I have said to you out of Court, that yesterday I think I spoke to you with unnecessary austerity and in open Court I think I ought to say to you that I regret it if I gave the impression that I was speaking to you more harshly than I ought to have done, as Counsel? --- Ek waardeer dit van die Advokaat, Edelagbare.

Mr. Labuschagne, I have a few more questions to ask you. I would like you to think back again, if you can, to the time when there was the incident at the gate and Col. Spengler pulled the man in. That was, I think, the third time he had been there. Do you remember, you described how he went down to the gate and there was a Non-European who opened the gate and Col. Spengler caught hold of him and the people outside the gate caught hold of this man's clothes. Do you remember that incident? --- Dit is korrek.

--- It ---

It would appear, then, that Col. Spengler was grappling with this man? ---Hy het. Hy het die persoon voor aan sy boudjie so kraag gehad, en die Bantoe agter het die persoon van agter gehou.

He had this man's jacket with his one hand? --- Ek dink so, ja.

Did you notice whether Col. Spengler struck this man - hit him? --- Nee.

You didn't see that? --- Ek het nie gesien nie.

Because there is certain information that we have, that one of the men, the white men at the gate, struck this man who was being pulled in and that that gave rise to excitement in the crowd? ---Nee; ek het dit nie gesien nie.

DIE VOORSITTER: Mag ek net na aanleiding daarvan vra: Het u die voerval die hele tyd dopgehou? --- Nee. Ek was op pad na die hek-toe en kol. Spengler het by my verbygekom, en net toe het die Bantoe die hek oopgemaak, en toe hy inkom, het kol. Spengler hom so voor gevat aan sy boudjie (beduie) en die skare het hom agter gegryp; en kol. Spengler het met sy rug na my gestaan. Ek kan nie sê of daar 'n hou geslaan was of nie, maar ek het dit nie gesien nie.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: But the result of it, as you have described it, at any rate, was that Col. Spengler pulled this man through the gate, and then did he close the gate? ---Hy kan die hek nie toekry nie. Hy wou die hek toemaak, maar daar was te veel mense tussen die twee hekke en hulle kan die hek nie toekry nie.

Did Col. Spengler take this man inside - did

you see that? --- Nee; ek glo nie by het die persoon ingevat nie. Onmiddellik daarop het die klipgoelery gevolg, en die skote was gevuur.

That all happened very quickly? ---Baie vinnig.

When the shooting began, where do you think Col. Spengler was - I mean the Police shooting. Where do you think he was, when that began? --- Ek sal sê net deur die Polisie, agter die Polisie.

You think he had got back behind the line of Police? ---Ja.

And all these Africans who were between the two gates, where do you think they were at the time when the shooting began - still there? ---Party was in die hek, tussen die twee hekke.

When you say between the two gates, of course, there are double gates; do you mean, really, that one was partly open so that there was a space between them? ---No; both of them. Albei was oop.

Does that mean that these People were really in the Police grounds, to some extent? --- Daar was van hulle alreeds binne.

DIE VOORSITTER: Die hekke maak na binne oop? --- Ja; hulle was dié dag ook na binne oopgemaak.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Well, now, if you can say, Mr. Labuschagne - can you tell us what happened to these people who were partly inside the Police grounds when the shooting started? --- Een Bantoevrou, wat ek kan onthou - dit was 'n dik, Bantoevrou - wat voor in die hek was, het 'n paar treë buite die hek doodgê. Sy was geskiet - een Bantoevrou.

--- She ---

She lay a few yards outside the gate? --- Aan die buitekant het sy gelê; sy was doodgeskiet.

In the roadway? ---Op die sypaadjie. Die een wat ek ken onthou. Die ander weet ek gladnie.

Did you know her? --- Ja. Ek onthou haar. Maar naam ken ek nie, maar ek onthou haar gesig, en sy is 'n inwoner van Sharpeville gewes.

And was she shot dead? ---Ja.

Was she an elderly woman? --- Ja.

And was she one of those who was in between the two gates? ---Ja.

Did you afterwards see the man who Col. Spengler had pulled inside? --- Nee.

You haven't been able to identify him? --- Ek het hom gladnie weer gesien nie.

I don't know whether it is something you have just left out or whether you did not see it, Mr. Labuschagne - did you see what he was doing before Col. Spengler went down to the gate? --- Nee.

You hadn't noticed anything in particular about him before that? --- Nee

Mr. Labuschagne, I take it you must have made a statement in connection with this shooting? ---Ja.

To the Police? --- Ja; hulle het my gevra vir 'n verklaring.

And you gave them one? ---Ja.

Were you asked, or have you been asked at any time to try to identify the Policeman who first shot?
--- Nee.

--- You ---

You weren't asked to do that? ---Nee.

You haven't been asked to attend at any identity parade or anything like that, of Policemen? --- Nee.

Have you been asked to attend any identity parade of Africans? ---Ja.

And have you done so? ---Ja.

What parade was that? Who were you asked to point out on that parade? --- Dit was Dinsdag, die 19e April. Ek was deur die Speurdiens gevra om na Boksburg se trenk te gaan en daar was aan my gevra om nense uit te wys op parade, wie ek kan uitwys - die nense wie deelgeneem het aan die opstote die dag in Sharpeville.

At any particular place, at the Police Station or anywhere? --- Dit was in die Boksburg-trenk gewees.

Yes, but I mean, were you asked to point out anyone you had seen at any of the demonstrations during the day, or specifically at Sharpeville Police Station? ---Nee, deur die hele dag; of ek nense kan uitwys wat deelgeneem het die hele dag.

And were you able to do so? ---Ja.

But as far as you know, there has been no enquiry at which you have been asked to assist, in establishing the identity of the Police who first fired without receiving an order? --- Ek was nie gevra nie, en ek weet nie van so-iets nie.

DIE VOORSITTER: Ek weet nie of ek u gister reg verstaan het nie, maar kan ek net die vraag herhaal: Sou u in staat wees om enige van die Polisie waarna

u nou verwys het as die wat eerste sou gevuur het, en hulle nit te ken? --- Nee; ek sal nie in staat wees nie, omrede dat hulle met hulle rug na my gestaan het. Maar dit is definitief nie Vereniging Polisie-amptenare nie. Dit is persone onbekend aan my.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Although you have told us that you would have been willing to put your services at the disposal of the Police, it is clear that you did not consider it your function to interfere with the Police? --- Ek het deur die nag en die hele voormiddag saam met Maj. van Zyl opgetree en gehelp sover ek kon, en ook toe ek by die Polisie-stasie oer die draad geklin het, het ek weer probeer; maar daarna, nadat kol. Pienaar opgedaag het, het ek dit nie gedoen nie.

We understand your position. What I am getting clear, is this: That you did not regard yourself as having authority over any Policemen? --- Heeltemal korrek.

When you were a Policeman, what rank did you hold? --- Ek was 'n spourier.

All this time that you were with the Police that day, you were there to advise and assist them to the best of your ability, but you were not in a position to give any instructions to any Policemen? --- Ek het hulle gehelp sover ek kon, maar ek kan nie die Polisie instruksies gee nie.

And if at any stage they did not ask you for your assistance, there was very little you could do about it? --- Dan kon ek nie optree nie.

--- You ---

You have explained that as soon as the men in front of you started shooting, you tried your best to stop them? --- Ek het.

And you stated that when they started shooting, you felt worried and upset; you felt that something big was going to happen? ---Ja.

If we can take that a little further: Why was it that you tried to stop them? --- Ek het net gevoel dat vir die afgelepe twaalf jaar was in Sharpeville Bantoesery alles gedoen wat moontlik kon gedoen word vir die Bantoes, en ek het geglo dat as daar moet geskiet word, sal alles vernietig word wat in die twaalf jaar vir die Bantoes gedoen was.

And do you feel in the result that a lot of your work over the last twelve years has been - I won't say completely undone, but to some extent spoilt? --- Soos ek sê, ek was diep geskok gewees, en ek veel vandag nog teleurgesteld dat dit in Sharpeville moes gebeur het.

You were asked your opinion as to what might have happened if the wire had fallen and the crowd had actually been inside the Police terrain; do you feel that anything might have happened if that had been the case? ---Ja. Maar soos ek sê, dit is vir my moeilik om myself daar in die posisie van die Polisie te plaas.

I just want to get this clear: You didn't intend to say that the crowd in fact intended to rush the Police in the face of their guns? --- Dit is moeilik

om te sê wat son die skare aanvang, maar ek het gesê dit is moontlik dat daar meer sê gepleeg word.

That was a possibility? --- Ja.

But you are not suggesting that the crowd was in fact trying to get over the fence and rush the Police in the face of their guns? ---Nee; ek het dit nie gesê nie.

And you did not intend to give that impression? ---Nee.

Because in fact, as I understand you, and I think it has been the other evidence, also - apart from these two or three individuals who jumped over the fence, there was not any attempt by the crowd to jump over the fence? ---Behalwe die drie, het niemand oorgespring nie.

And, of course, we have had evidence that on various occasions the gate was opened, either to let cars in or out? --- Ja. Die hek moes oop gewees het toe die Saracens ingekom het, en toe ek opgestaan het, toe kol. Pienaar ingekom het, was die hek ook weer oop.

In fact, we have had evidence about one incident; I am not sure whether you were present, there. I think it might have been before you were on the scene - about the gate being opened by the Africans to let a man in who had a case of cold drinks which he brought in. Were you there at that time? --- Ek was nie daar nie.

It was put to you that evidence might be led on the question of whether Police, including white Police, might have told the inhabitants of Sharpeville -

some of them - that an announcement would be made at the Police Station and that they should go there; you said you know nothing about that? --- Ek weet niks daarvan nie.

There again, I don't want to have your evidence misunderstood. You are not in a position to deny that such statements might have been made by members of the Police? --- Soos ek gesê het, in die voormiddag was maj. van Zyl en ek bymekaar, en dit was nie in my teenwoordigheid gesê nie.

But during that day there were a great many Policemen in Sharpeville? ---Ja.

And you are not saying that such a statement was not made; you are simply saying that you know nothing about it, and that it certainly was not made in your presence? --- Korrek.

Is that the aerial photograph of the crowd round the Police Station at Sharpeville - Ekh. "B"? ---Ja.

Now, I wonder if you would just look at it. You will see on the opposite, the West side, there are the grounds of the clinic? ---Ja.

One can see the line of the fence? ---Ja.

And then, North of that, there is the open piece of ground? ---Ja.

That is the open piece of ground which lies diagonally opposite that block of shops? --- Ja.

It would be in front of the library, which is not on this picture; one can say it is the open piece of ground that lies to the North-West of the Police Station? --- Dit is korrek. Dit is tussen die biblioteek

en die kliniek.

Now, I wonder if you can remember - if you can't, of course, you can't - but you mentioned that you counted the dead bodies. I wonder if you can remember how many of the bodies you found on that open piece of ground? --- Ek kan nie sê hoeveel nie, maar daar was wel. Ek kan nie sê hoeveel nie.

DIE VOORSITTER: Het u 'n herinnering waar die meerderheid van die beseerdes en dodes was? --- Die meerderheid het reg aan die Westekant, voor die groot hek by die Polisie-stasie geleë, en op die hoek.

Noord, of Suid, nou, van die groot hek? --- Aan die Suidekant van die groot hek.

Met ander woorde, in die rigting van Zwanestraat? --- In die rigting van Zwanestraat; op die hoek van Zwane, en die hele hoek, daar.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Now, according to the photographs which we have seen and the accounts we have seen, these were bodies lying in the roadway on the West side? --- Ja.

Now, I wonder if you would look in that picture, at the open ground on the North of the Police Station; you see - round about here? --- Agter die winkels?

On the side of the shops and on the North side of the Police Station grounds? --- Ja.

Can you remember how many bodies you counted on that piece of ground? --- Daar was eek, maar hoeveel weet ek nie. Toe ek by die hek stilhou het ek ongeveer na die Noordkant en ek het van die Noordkant begin tel en ongegane na die Suidekant-toe.

--- Vere ---

M.A. LABUSCHAGNE
DEUR-VERHOOR
HERVERHOOR

Were there any dead bodies in the grounds of the clinic? --- Binne?

Yes? --- Nee.

And on the pavement, the sidewalk outside the clinic, there were some? --- Daar was.

NO FURTHER QUESTIONS.

MR. FLEWMAN: NO QUESTIONS.

HERVERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Mr. Labuschagne, kan u vir ons sê, is hier ander kampings in die distrik waar Bantoes gehuisves word, buite die Sharpeville-lokasie? --- Ja. Hier is verskeie Bantoe-kampings binne die dorp.

Hoe ver sou hulle wees - u sê binne Vereniging dorp? --- Ja. Hier word ongeveer 7,000 Bantoesmans gehuisves in die kampings in die dorp.

En is dit enigsnie meentlik vir jou om te sê hoeveel van daardie Bantoes aangesluit het by die optog? --- Dit is moeilik om te sê; ek sal nie kan sê nie.

Die toestand wat u daar waargeneem het toe kol. Pienaar sy manskappe in gelid opgestel het, was dit sulks dat u sou verwag dat hy u raad sou vra, of enige van die ander offisiere u raad sou vra? --- Ek het gevoel dat die toestand daar ernstig was, maar ek het nie verwag dat hy van my raad sou vra nie.

Indien hulle u sou vra om die skare toe te spreek, dink u dat die toestand sulks was dat dit sou gehelp het? --- Soos ek sê, ek het wel verskeie kere gepraat, en elke keer as ek praat, het hulle stilgebly, maar as ek omdraai, het hulle maar weer aangegaan.

Maar daardie gevalle wat u nou daar van praat,

--- hoo ---

hoe het die toestand daár vergelyk met wat u gevind het daarvoor? ---Nee, dit was toe baie beter. Ek glo al het ek by die Polisie-stasie met hulle gepraat, sou dit nie veel uitwerking gehad het nie - na kol. Pienaar ingekom het.

Sou hulle jou kon hoor? --- Ek glo nie.

Het jy vir ons gesê dat kapt. Brummer met 'n luidspreker gepraat het? --- Daar was 'n offisier met 'n luidspreker, maar wie hy was, weet ek nie.

Kon jy hoor wat hy sê? --- Nee.

Sou die skare jou kon hoor, as jy hulle sou toespreek? --- Ek glo nie.

Jy het aan my geleerde vriend gesê dat toe jy gevrees het dat die draad platgetrap sou word, kan jy nie juis sê dat jy 'n doelbewuste poging gesien het aan die kant van die skare om die polisie aan te val nie; is ek reg? --- Ja.

Indien die draad platgetrap sou word sonder so 'n doelbewuste poging om by die Polisie te kom, wat dink jy sou die toestand gewees het? ---U meen as die Bantoes tussen die Polisie gekom het?

Ja? ---Op daardie oomblik sou hulle wel meêr gepleeg het, daar, want hulle was almal kwaad, toe.

Jy meen afgesien van werklike opset om die draad plat te trap vir daardie doel? --- Soos ek sê, dit was moeilik; hulle het voor gedruk, en van agter gedruk. Ek sal nie sê hulle het die draad platgetrap met die doel - sou die draad plattrap met die doel om die Polisie te vernêr nie; maar ek het gedink as hulle oorkom, sou daar moeilikheid wees.

M.A. LABUSCHAGNE
HERVERHOOR. Ondervra
deur die Voorsitter.

DIE VOORSITTER: Ek dink wat aan u gestel word deur mnr. Claassen, is dit: Gestel daar was van agter seveel druk dat die voorstes teen hulle wil, meentlik, die draad platdruk en na vore gebeur word, tussen die Polisie in - wat sou dan gebeur? --- Daar sou moeilikheid gewees het.

HERVERHOOR HERVAT: In verband met die kwessie of 'n blanke Polisieman werklik aan die Bantoes gesê het om na die Sharpeville Polisie-stasie te kom: Het jy van die beweging van die Bantoes, die rigting waarin hulle gegaan het daardie nêre, het jy enige bedoeling kon opmerk, dat hulle op pad was na die Sharpeville Polisie-stasie? --- Nee. Die heel voormiddag het hulle in die teenoorgestelde rigting, in die rigting van die dorp beweeg; en vir die eerste keer dat ek gesien het dat hulle in 'n ander rigting beweeg, was toe Kannel Teketsi hulle geroep het en gesê het, "Come! Come! Let us march to the Police Station".

Watter tyd is jy was dit? --- Dit was na 11-uur, dink ek.

OM EN VERDERE VRAE NIE:

DEUR DIE VOORSITTER: Mnr. Labuschagne, u het gesê dat u nie met die Polisie-optrede ingemenghet, en dat u ook nie by magte gevoel het om in te meng met wat hulle doen nie? --- Ja.

U het gesê dat op 'n sekere tydstip, onmiddellik voordat daar gevuur was, het u gesê dat daar 'n kritieke toestand is? --- Ja.

U het gesê u het bang gevoel, hoewel u nooit vroeër die dag bang gevoel het nie? --- Ja.

--- En ---

En ek dink u het ook die mening gewaag dat dit toe geregverdig was om te vuur? ---Ja.

Nou, wat ek graag van u wil verneem, is dit: Het u op die houtjie besluit om die vuur te stank, of het u dit gedoen na aanleiding van wat die Polisie gedoen het? --- Onmiddellik na die eerste skote, het kol. Pienaar "Stop!" geskree langs my, en toe hy skree, het ek ook "Stop!" geskree.

Nou, wat ek vir u wou vra, is dit: Op daardie oomblik toe u "Stop!" skree, wat was u oordeel? Was daar nog 'n posisie van gevaar, of was die gevaar toe reeds verby? --- Ek sou sê die gevaar was verby.

Hoekom? --- Die mensse was besig om weg te hardloop.

Ek weet dit is een van die moeilikste dinge om iemand te vra om te doen, maar ek wil nogtans, as u dit kan doen, u oordeel kry. Min of meer hoe lank na u die eerste skote gheoor het van die Polisie, het u "Stop!" "Stop!" geskree om die mensse, veers, altans ...? --- Halfe gen. Seker twintig sekondes.

U meen dit het so lank geduur as twintig sekondes? --- Meentlik. Maar dit was halfe gen.

En nadat u nou die Polisie veer u op die skouers geslaan het, en aangest het om op te hou om te skiet, hoe lank na dit, sou u sê, het die skietery gestank? --- Amper onmiddellik.

Is dit nou net veers, of lange die hele linie? --- Lange die hele linie.

MNR. CLAASSEN (DEUR DIE VOORSITTER): Na u

--- mening ---

M.A. LAMUSCHAGHE
ORDEVOER DEUR DIE
VOORSITTER
J.C. VISSER
HOOGGERICHTS.

neming, was daar geskiet gewees nog nadat die gevuar
verby was? --- Nee; hulle het onmiddellik opgehou.

JAKOBUS CHRISTIAAN VISSER, bevestig:

VERHOOR DEUR MNR. CLAUSEN: Mnr. Visser, u is
'n luitenant in die speurdienste, Suid-Afrikaanse
Polisie, gestasioneer te Vereeniging? --- Dit is reg.

Nee lank is jy gestasioneer te Vereeniging? ---
Vanaf Julie 1958.

Wanneer het jy die rang van luitenant bereik? ---
1 Januarie 1958.

Was jy te Sharpeville gedurende die skietery
daar op die 21e Maart van hierdie jaar? --- Ja.

Voor daardie dag van die skietery, het jy
bewys geraak van 'n doel deur die Bantoes om te betoeg?
--- Ja. Ek het in besit gekom van verskillende
panflette wat in die lokasies te Vanderbijlpark en
Sharpeville versprei was, en volgens die panflette
was dit duidelik dat 21 Maart 'n dag van betoging
teen die Paswette sou wees.

Op daardie dag, waar - was jy aangestel om Srens
heen te gaan, deur iemand, of het jy op jou eie
besluit? --- Die more entrent 8-uur - dit was die
21e - het ek van Vanderbijlpark berig ontvang dat
'n groot aantal Bantoes om die Polisie-stasie daar
saamgedrom het. Ek het toe gevra of daar genoeg
manno is, en ek het gehoor dat daar nie te veel

--- Polisie-manne ---

Polisiemanne was nie. Ek het toe my hulp aangebied, en ek het later, ontrent half-neges die nêre, saam met vier ander blanke speurders na Vanderbijlpark gegaan, met twee voertuie. Toe ons daar kom, was die moeilikheid skynbaar verby en ek het toe onbevestigde berigte ontvang dat dinge in Sharpeville nie te goed lyk nie. Ek en die vier ander blanke speurders het toe met die twee voertuie Sharpeville-toe gery. Ons het ongeveer 10-uur by die Sharpeville Polisie-stasie verbygery. Ons het van 'n Suidelike rigting af ingekom.

En toe u by die hek ingegaan het van die lokasie ... ? --- Ons het nie by die hek ingekom nie; ons het van 'n Suidelike kant ingekom, vanaf Vanderbijlpark se rigting.

Is daar meer as een ingang? --- Ja; daar is. Toe ons by die Poliestasie verby kom, het ons groepies kante van tien, party twintig, party dertig, in die omgewing van die Poliestasie gesien, en toe ons in die hoofstraat - ek weet nie wat die naam is nie - van Sharpeville inkom, het ons gesien dat tussen ons en die hekke was 'n groot massa kante bymekaar gewees.

Wanneer u nou praat van die hoofstraat, is dit die straat waarmee jy van die Noordkant af ingaan? --- Dit is reg.

Dit is Secise-straat? --- Ja, die hoofstraat, die groot straat in Sharpeville. Dit was vir ons duidelik dat ons nie met voertuie deur die massa sou kom nie, en ons het toe heeltemal weg gedraai, met 'n oop gery en ongekem, voor, by die ingang van

--- die ---

die lokasie, weer in die hoofstraat in. Toe het ons weer Suid gery en ontrent 100 of 200 treë verder, het ons toe vir maj. van Zyl met 'n aantal Polisiebeamptes gekry. Hulle het daar gestaan; in die straat was hulle gewees.

Ken u mr. Labuschagne, die superintendent? ---
Ek ken hom, ja.

Was hy daar teenwoordig? --- Ek kan nie sê of hy daardie tyd daar teenwoordig was nie. Daar was 'n heel paar manne. Dinge het bietjie vinnig gegaan. Dit is meentlik,

Wat het maj. van Zyl gemaak toe u daar by hom kom? --- Ek het vir maj. van Zyl 'n beoeking gegee wat ek van mr. Ferreira, die Bestuurder van Nie-Blanke Sake gekry het, voor by die hek, tot diem effekte dat daar moeilikheid in Evaton was; dat 'n groot massa Bantoes daar by die Polisie-stasie saamgedrom het. Daar was nie eintlik moeilikheid nie maar dit het darem deurgekom dat daar 'n aantrek was by die Polisie-stasie. Kort na my aankoms, daar, het maj. van Zyl toe die toneel daar verlaat, en hy het toe te kenne gegee hy gaan kyk hoe die toestand anderkant is, en of hy iets daarontrent kan doen. Die massa was toe tussen ons en die Polisie-stasie, in die hoofstraat gewees, ontrent 150 of 200 treë weg van die Polisie af. Dit het toe vir my duidelik geword, na 'n rukkie daar, dat die massa al verder van ons af weg beweeg. Ek het toe ietwat ernstig geword oor die veiligheid van die manne by die Polisie-stasie, want ek het 'n halfuur

--- terug ---

terug daar verbygekom en ek het gesien hoe lyk dit. Ek het gesien daar is maar net 'n paar manne daar en ek het gedink dat as die massa Polisiestasië-toe gaan, die manne daar miskien nie sal opgewasse wees en die fort te hou, as ek dit so mag stel nie.

Het voor u verder gaan: Na maj. van Zyl weg is, wie was toe in bevel daar, op dié plek? ---Kapt. Coetzee was daar gewees. Hy was saam met maj. van Zyl daar.

Maar maj. van Zyl is toe weg, en hy bly toe agter? --- Dit is reg.

En hoeveel manskappe was u toe daar? --- Dit is moeilik om te sê. Ek neem aan miskien dertig, min of meer.

Ja; gaan aan? --- Ek het toe aan kapt. Coetzee dit so gestel, dat ek onrustig is oor die veiligheid van die manne by die Polisiestasië, maar eerstens het hy skynbaar nie daarop reageer nie. Hy het geag dat my onrus ongegrond is. Maar na 'n rukkie het ek weer na hom gegaan en gesê - ek het self voorgestel en gesê ek sal gaan en gaan kyk hoe dinge by lyk. Terselfdiertyd het twee Dantoeke-stabla op fietse van daardie rigting af gekom, na ons-toe, en ons het hulle nader geroep en toe sê die een vir ons dat hoofstabel Heyl by die Polisiestasië be laat weet het daar is 'n groot samedronning, en hy was ietwat onrustig gewees. Toe het kapt. Coetzee gesê nou goed, dan kan ek gaan kyk wat aangaan. Ek het toe saam met een of twee blanke speurders in 'n voertuig, en vergesel van hoofstabel Malan van Johannesburg - hy het 'n vragmotor gehad wat toe is,

--- waarin ---

waarin 'n aantal blanke konstabels was. Ons het toe heeltemal Oos gery, en agterom gekom, na die Polisie-stasie-toe. Ek het eers by die Suidelike ingang van die hek, by die Suidelike ingang van die Polisie-stasie, daar voor die hek, stilgehou. Daar was toe 'n baie groot skare gewees. Ek sou skat daar was ongeveer 8,000.

Aan watter kant? --- Dit is die Suid- en Westekant, die omheining, daar.

En Noord? --- Aan die Noordkant was hulle skraal gewees, daardie tyd; dit was nie veel nie. Die samevroming was, soos ek sê, aan die Suidwestelike hoek, waar dit so'n soort van 'n vierkantige hoek maak. Daar was die groot samevroming, en dan het dit nou yler uitgesprei na die kant-toe.

Jy sê die Suid-Weste hoek? --- Ja. Daar waar die draad af is - daardie plek, min of meer; en dan het dit yler uitgesprei na die kante-toe, dit wil sê na die Oostelike kant-toe en na die Noordelike kant-toe.

Watter tyd was dit dat jy daar aangekom het? --- Min of meer 11-uur se kant.

Het jy stilgehou by die Oostelike ingang? --- Nee, by die Suidelike ingang het ek stilgehou, maar ek het dadelik gesien - en iemand het my van binnekant ook gewys - ek moet oekom. Ek het toe weer oegery en by die Westelike ingang het ons toe ingekom, in die agterplaas in.

Het hoeveel voertuie was julle? --- Ons was twee karre gewees, klein karretjies, en die bus - die lorry.

--- Ja ---

Ja. Jy het maj. van Zyl nie weer gesien nie -
voor jy vertrek het van kapt. Coetzee af het hy nie
weer teruggekom nie? --- Nee.

En wat was die sterkte toe op die gronde van die
Polisiestasie? --- Ek weet nie hoeveel man in die
vragmotor was nie; ek meen aan onttrent 15/20 man.
Daar anderkant was ook onttrent tien blankes gewees,
miskien 15. Ek het nie getel nie.

Wat bedoel jy met "daar anderkant"? --- By die
Polisiestasie. Ons kon toe min of meer 25 gewees het.

Altesaam? --- Blankes, ja. Hoofkonstabel Heyl was
daar gewees.

DIE VOORSITTER: Was hy die senior-man? --- Hy was
die senior-man daar.

VERHOOR HERVAT: Maar toe jy nou daar aangekom
het, het jy oorgegaan? --- Ek het toe oorgegaan. Ons
as speurders is gewoonlik in siviele drag geklee.
Ek het maar meer met my advies en so aan oorgegaan,
want daar is baie mense wat nie eers weet wie 'n
speurder is nie; hulle kyk hulle skeef aan. Hulle
weet nie of hy 'n speurder is, of wie hy is nie.

Was jy bewas van enige vliegtuie wat daar oorgevlieg
het? --- Ja. Kort na ons aankoms, daar, het die vlieg-
tuie daar oorgegaan.

En jy is julle het onttrent 11-uur daar aangekom? ---
Min of meer 11-uur, ja.

Was jy op die Polisiegrunde toe die vliegtuie daar
oorgegaan het? --- Ja.

VOORSITTER: Was jy te enige tyd daarvan bewas dat
'n enkel vliegtuig laag gevlieg het oor die Pantsoery?

--- Daar ---

--- Daar het 'n heel paar van hulle laag geduik.

Nee, net 'n enkel vliegtuig? --- Nee.

U het nie 'n herinnering daarvan nie? --- Nee.

Iemand wat, so, foto's neem? --- Nee.

U het nie so-lies gesien nie? --- Nee.

VERHOOR HERVAT: U praat nou, as ek u reg verstaan, van vliegtuie wat oor die skare gevlieg het by die Polisiestasie? --- Ja.

Ek dink wat die Kommissaris bedoel is, het jy elders in die lokasie, daar waar julle in Seewestraat gewes het - het jy toe ook vliegtuie gesien? --- Nee. Die eerste vliegtuie waarvan ek bewus geword het, was die wat oor die skare geduik het, laag geduik het, terwyl ons op die Polisiegrond was. Dit is ook die enigste vliegtuie waarvan ek bewus was.

DIE VOORSITTER: Ken jy oordeel of dit Militêre vliegtuie of burgerlike vliegtuie was? --- Dit het vir my gelyk na militêre vliegtuie.

VERHOOR HERVAT: U so u het toe daar gebly, die hele tyd? --- Net so.

Op die Polisiegrond. En die Polisiesterkte het stadig aan aangewas? --- Nee; ons was daar vir geruime tyd. Dit was vir my duidelik dat die skare geweldig aangewas het. As 'n mens na die uithekke van die massa kyk, dan ken jy sien dat dit altyd aangroei, en ek het toe lateraan - dit is moeilik; 'n mens het nou nie tyd op sulke tye nie - het ek 'n notatjie geskryf aan kap. Coetzee en dit met een

--- Van ---

Van die Bantoeke-stabiele wat ons agter uitgestuur het, dit wil sê aan die Westekant van die Polisie-stasie, gestuur waarin ek net kortliks vir hom gesê het dat die posisie raak hier so dat as daar moet geweld plaasvind ons nie in 'n posisie sal wees en die fort te kan hou nie en of hulle iets daarentrent kan doen.

Kan jy my meer of min sê hoe laat jy hom gestuur het? --- Dit mag miskien 'n geval van kwart-voor-twaalf, half-twaalf, daar rond, gewees het; dit is baie moeilik om te sê. Maar nie lank daarna nie, het kapt. Coetsee met 'n aantal manne gekom en hulle het aan die suid-oostekant van die Polisie-stasie, daar waar die Polisie ook gister was, by die lampaal, gekom met hulle voertuie en daar stelling ingeneem. Hulle het daar gebly, neem ek aan, totdat alles verby was.

Was jy toe nog op Polisiegronde? --- Ek was nog altyd daar.

Gedurende die tydperk dat jy vir versterkings gewag het? --- Dit is reg, ja.

Het jy dit gerade geag dat hulle daar bly, of het jy gedink dit sou beter wees dat hulle inkom? --- Ek het nie enige kommunikasie met hulle gehad nie. Ek was tevrede dat daar hulp in die nabyheid was. Ek het ook gewoet, ek het daarop staat gemaak dat die manne wat buitekant is, weet wat die toestande en die omstandighede is, en dat hulle die regte ding op die regte tyd sal doen.

Hoekom het jy gedink dat hulp nodig was? --- Die toestand was daardie tyd sê dat die skare se aanromming teen die draad van buitekant af, met groot krag was.

--- Ek ---

Ek het enige tyd gevrees dat die draad kan breek, en ek is oortuig dat indien die draad sou breek, en die massa van agter af sou aanstroom, hulle die Polisie-stasie kon vertrap sonder om miskien 'n hand op te lig.

Het hulle enige tekens gegee, op daardie stadium, dat hulle miskien die Polisie sou aanval as hulle by hulle kom?--- Ek het dit so beskou: Daar was twee, by tye drie van hulle leiers wat aan die binnekant van die draad gestap het. Die mense het groot invloed by die skare gehad, want die een, in besonder, Tsolo, as hy net sy hande opgetel het, het 'n teken gegee en dan het die hele skare weergalm. As hy weer vir hulle gewys het "Bly stil", dan bly hulle stil; en hy het al binnekant die draad langs gestap, net die ander twee, by tye, ook. Nou, dit was duidelik dat die mense hulleself opgewerk het na 'n punt; of hulle self bewus was van die punt waartoe hulle opwerk, weet ek nie; maar dit was duidelik dat hulle hoe later hoe meer runceerig en uitspattig word.

Het jy met van die leiers gaan praat? --- Ek het met Tsolo gepraat. Ek het hom na my-toe geroep.

Het jy hom geken voor daardie dag? ---Nee. Hy het vir my gesê, toe ek hom vra, dat sy naam Tsolo is. Ek het hom na my-toe geroep en vir hom gevra, "Wat gaan hier aan? Wat is julle doel; wat wil julle hê?" Toe sê hy vir my, "Ek is die plaaslike sekretaris van die F.A.C.. Ek en al die mense wat hier staan, het nie bewysboekies nie en ons kom Polisie-stasie-toe. Ons wil toegesluit wees". Toe sê ek vir hom, "Maar waar kan ons so 'n klomp mense soos julle toesluit; ons het mos nie plek om julle toe te sluit nie". Toe sê hy, "Wel, ons sal weggaan,

maar ons sal terugkom, en ons sal julle lastig val totdat julle ons toesluit. Ons sal die Polisie lastig val totdat hulle ons toesluit". Ons het 'n geselskap aangeknoop en ek het nou met hom gesels en hom gepols en gehoor wat hy wil hê, en hy het toe onder andere vir my gesê - ek vra hom toe; ek sê, "Maar julle wil nou nie bewysboeke dra nie. Gestel nou daar word 'n toegewing in dié rigting gemaak, wat wil jy dan hê?" Toe het hy vir my sê gesê: Hy sê, "Ons wil nie bewysboeke dra nie; ons sal dit nie dra nie. Ons wil £35 per maand tenminste hê, elke man. Ons wil hê dat die mense van Ghana, die mense van Basutoland, en die mense van ander Afrikaner-state vryelik na die Unie kan kom, en dat die Suid-Afrikaanse Bantoes vry sal wees om ander lande na willekeur te besoek". Kort daarna was die drukking teen die draad so groot gewees - ek het hom geroep en vir hom gesê, "Kyk, jy moet vir jou mense sê hulle moet terugstaan; hulle moet nie so teen die draad lê nie, want as die draad breek en hulle kom in dat hulle binnekant die Polisiegronde kom, sal daar moeilikheid wees en ons wil nie moeilikheid hê nie". Toe sê hy vir die mense hulle moet terugval, maar hulle het net teruggestaan as hy by hulle is. As hy sy rug draai, is hulle maar weer teen die draad.

Jy sê die skare het steeds aangewas? --- Hulle het aangewas.

Het daar Polisieversterkings gekom? --- Later het ek gemerk - ek het nie eers gesien hoe hulle daar gekom het

--- nie ---

nie. Ek het gemerk, dat kapt. Theron en sekere manskappe daar was. Toe kapt. Theron daar kom, het ek op die agtergrond getree, en hy het maar outomaties oorgeneem.

Daardie hele dag, was daar - ek praat nou van die hele tyd dat jy by die Polisie-stasie was, tot aan die einde. Was daar te enige tyd 'n oormane van bevel soos wat jy gewoonlik sal kry, of het elke man gedoen wat hy die beste dink? --- Die dinge het vinnig gegaan. Daar was nie tyd, eintlik, vir formaliteit nie. Persoonlik - toe ek daar gekom het, het ek nie oorgeneem nie. Ek het net gevoel dat ek as senior miskien sal verantwoordelikheid moet aanvaar as hier iets sou gebeur, en ek het maar my invloed in die rigting gebruik, dat dinge moet reggaan, min of meer. Toe kapt. Theron daar gekom het, was daar geen formele oorhandiging gewees nie. Ek as sy junior het besef hier is nou 'n kaptein, en ek as speurder, wat nie univorm het nie, wat in privaat-klere is - baie mense weet nie eers wie jy is nie en ek het maar net eenvoudig, toe hy daar kom, gevoel hy kan nou bevel neem en ek het op die agtergrond getree.

Hoe laat, ontrent, het hy daar arriveer? --- Ag, dit is baie moeilik om te sê. Dit mag miskien twaalfuur, half-eeu gewees het; dit is baie moeilik om te sê.

Kan u onthou watter stappe hy gedoen het, net sy aankoms daar? --- Hy het vir my eersdens geseek; toe vra hy vir my waar is die leier van die mense hier. Toe sê ek vir hom as hy se'n biletjie wag, sal ek hom gaan haal en dan sal ek hom vir hom bring. Toe het

ek gegaan, toe kan ek hom nie kry nie. Hy was toe nie binne die gronde nie. Toe het ek een van die ander binne die draad - ek dink dit was gewees 'n Bantoe by name Thomas More - ek het agterna vasgestel dit is sy naam. Ek dink dit was hy gewees. Ek het vir hom gevra, "Waar is Tsole nou?" Toe sê hy vir my Tsole het iets gaan soek om te eet. Toe sê ek "O".

Het More vir jou gesê dat hy huis toe gegaan het om te gaan eet, of soos jy nou net gesê het, "Hy het iets gaan soek om te eet"? --- Nee; hy het iets gaan soek om te eet.

DIE VOORSITTER: Het hy Afrikaans, of Engels, of Bantoetaal gepraat? --- Nee; ek praat nie Bantoetaal nie. Dit is moeilik om te sê of dit Afrikaans of Engels was, maar dit was definitief een van die twee aaptelike tale - Afrikaans of Engels - gewees. Ek kan nie presies onthou nie. Ek mag net verduidelik; met Tsole het ek Engels gepraat, toe ek met hom gepraat het; maar ek kan nie onthou wat ek met More gepraat het nie.

VERHOOR HERVAT:

Toe jy met kapt. Theron gepraat het omtrent die leier, het jy toe vir Tsole in die oog gehad? --- Ja.

As die leier? --- Ja; ek het hom in die oog gehad.

En toe jy met More gepraat het, was More ook binnekant die draad? --- Hy was binnekant die draad, ja. Hy was een van die drie wat ek nou hier genoem het, wat binnekant die draad gewees het.

Vir hoe lank was Tsole weg? --- Dit is moeilik om te sê. Die eerste dat ek hom weer gesien het, is toe hy deur kol. Spengler aan die arm genoem was by die

--- Vestekantse ---

Westekantse hek. Dit was nou 'n rukkie daarna. Dit is die eerste keer dat ek hom weer gesien het. Hy nag vantevoren daar gewees het; ek weet nie.

Jy was besig om vir ons te vertel watter stappe kapt. Theron geneem het. Eerstens het hy na jou gekom en gevra wie die leier is? ---Ja. Hy het vir my toe gevra wie die leier is, en ek het dit hom toe meegedeel. Kapt. Theron was toe daar rond. Ek het gesien dat hy dikwels binne een van die saracens ingegaan het, en ek neem aan dat hy in radio-verbinding met een of ander persoon was. Ek dra nie kennis met wie nie. Verder, wat ek nou van weet, het hy niks spesifiek gedoen nie; dit is maar net, hy was daar. Die posisie was natuurlik hoogs ontvlambaar op daardie stadium gewees, en dit het uiterse selfbeheersing gekos om die ding so te hou dat niks gebeur nie.

Het jy die gevaar wat jy ingesien het, daar, met hom bespreek? --- Ja; ons het daaroor gesels.

En wat het julle gevoel? --- Wel, hy het gevoel ons kan op dié stadium niks doen voordat daar versterkings opdaag nie. Daar is niks wat 'n mens ...

Het julle vir versterkings gevra? --- Ek het nie gevra nie. Soos ek sê, hy was in die saracens gewees en ek neem aan hy was in verbinding met ander persone gewees.

Wat was die volgende ding wat daar gebeur het? --- Wel, die volgende ding van belang, toe, is dat na 'n ruk het ek gesien dat daar ander hooggeplaatse offisiere - kol. Spangler, kol. Prinsloo, kol. Pienaar, daar opgedaag het. Die volgende ding, toe sien ek

--- dat ---

kol. Spangler vir Tsolo aan die arm het, en hy -
kt. Willers was by gewees, en hy se vir kapt. Willers,
"at hom in binneste". Ek staan ook daar, en hy se
"my - kol. Spangler se vir my, "mar. Visser, gaan jy
aan". Met die kapt. Willers en ek toe vir Tsolo
binneste kant gevat in 'n kantoor. Daar het kapt. Willers
nou met hom begin gesels.

Willers is ook van die Veiligheidstak? --- Veilig-
heidstak, ja. Ek was toe by gewees. Ek moes daar by
aan bly. Van die kantoor kon ek net as ek by die
suidelike venster uitkyk, die Suid-Oostelike punt van
die skare sien, en as ek by die deur uitkyk en ek kyk
na die hek van die agterplaas van die Polisie-stasie,
dan kan ek die Noord-Westelike punt van die skare gesien
het. Die ander blok wat om die hoek was, die Suid-
Westelike punt, sal ek maar se, kon ek nie sien nie.

Kon jy die groot hek sien aan die Westekant? --- Ek
kon net - ek kon nie die groot hek sien nie. Ek kon
net so by die hek verby, langes sien.

Hoe lank was jy daar besig, tesame met Willers en
Tsolo? --- Ag, dit is so moeilik om te se. Ons het
daar gekom; ons was besig. Kapt. Willers het met hom
gepraat en dit is 'n rukkie daarna, miskien 'n geval van
minuut, dat ek gehoor het die geknetter van vuurwapens,
buite.

Was jy toe nog binneste kant? --- Ek was nog binneste kant
gewees.

Jy skyn nou in die onmiddellike teenwoordigheid te
gewees het van Spangler toe hy Tsolo aan die arm gevat
--- het ---

het en oerhandig het aan Willers? --- Ek was.

Wat was die doel, seker jy kon uitmaak, daarvan?
--- Wel, ek het gedink dit is 'n geval om die opsteker
of die leier van die klomp, weg te vat. Dit was die
idee wat ek gekry het daarvan - om die opsteker weg
te vat.

Maar het hy enige opdrag gegee aan Willers toe
hy hom oerhandig? --- Nee. Hy het net vir Willers
gesê, "Jy weet wat om te doen".

Ek wat het hy gedoen? --- Hy het hom toe ondervra,
daar, in die kantoor.

Ken jy uitmaak wat die doel van die onder-
vraging was? --- Ek het baie min notisie gevat van
die ondervraging, daardie tyd, want toe was my
gedagte in tweelei rigtings gewees - die een was
hier, en die een was buite gewees. Ek het daardie
tyd enige oomblik verwag dat daar buitekant geskiet
sou word; ek het dit verwag. Toe die skote ook
kmal, was dit nie 'n verrassing vir my gewees nie.
Maar dit is duidelik dat die ondervraging gegaan het
ontrent die P.A.C. - hulle doelstellinge, en so aan.

Gedurende die skietery, het jy toe gladnie
uitgegaan nie? --- Ek het nie. Ek het eers na
die skietery; 'n paar minute daarna het daar 'n
ander spoorier, ek dink Wessels of iemand, gekom.
Toe het ek hom gevra, "Bly jy nou hier by kaptein
Willers, by hierdie man; ek wil net gaan kyk
wat buitekant aangaan". Toe het ek agterna eers
uitgegaan. Toe ek buite kom, was hulle al besig
om van die lyke en van die mense in ambulansse en

--- goed ---

goed te laat.

Is u in die vernou om vas te stel hoe lank die skietery aangehou het - om te bepaal, by benadering?
--- Wel, as ek nou in bres trekke sou ek, tien tot twintig sekondes.

Soos die toestand daar was, soos wat u dit gesien het, voor u ingegaan het, het u enige gevaar bespeur?
--- Vir 'n polisionar wat daar was binne die gronde, wat gesien het presies hoe dit lyk buitekant, wat gesien het die houding wat die Bantoes ingeneem het, was dit, glo ek, baie duidelik dat die gevaar was groot gewes. As hulle enigszins sou oorgaan tot geweld, sou daar geen hoop gewes het vir 'n mens om uit te kom nie. Die een het te swaar teen die ander opgeweg.

Was daar enige sulke tekens? --- Die gesindheid was vyandig gewes, van buitekant die draad. Op die tydstip dat ek daar was, nog voor kapt. Theron gekom het, het ek tussen die manne en die draad beweeg. Die manne was uitgetart van dié kant af, en ek het gevoel 'n klein, onbegonne om sake daardie tyd kon miskien die hele ding laat ontvlam. Ek het tussen hulle beweeg en die gesegdes was nou alles in die Bantootaal, maar die manier waarop dit gesê word deur die skare wat rondom gestaan het, was 'n geval van uitarting gewes, en was ook met die verryghheid - jy kon sien die gesindheid waarin dit gesê was; dit was definitief nie een van vriendskap en toegeneentheid nie. Dit was definitief vyandiggesind gewes; en met so'n skare wat hier staan en skree en sing, en enige ding doen, kon enige ding gebeur.

--- Totdat ---

Totdat jy toe die toneel daar verlaat het en binne te gaan, was daar enige daad gewees aan die kant van die Bantoes, wat jy as aggressie kon beskou? ---
Nee. Wat ek wel gesien het, een slag, ^{dit} As kort, net nadat ek vir Tsole gesê het hy moet vir die mense se hulle moet wegstaan van die draad af, het 'n paar van ^{hulle} die draad se staan en ry, se staan en pluk (beduie). Ek het beskou, op daardie tyd, dit is nou net die teenoergestelde van my versoek aan Tsole, en wat Tsole vir hulle almal hard gesê het, dat hulle van die draad moet wegstaan en nie die draad beskadig nie. Toe het hulle die draad se gestaan en ry en ruk-en-pluk, dat ek dit net beskou het as uitdaging; dit is al wat dit kon wees.

Het jy enige wapens tussen hulle gesien? ---
Nie op daardie stadium nie.

Op daardie stadium, die laaste stadium dat jy die skare gesien het, wat sou jy die aantal skat? ---
15,000, miskien 20,000; ek is nie baie goed op skat nie, maar daar was baie gewees.

Daar was toe nog geen klippe gegoed gewees nie?
^{tot}
--- Nis/op die stadium dat ek daar weg is nie.

Het jy enige klipgoedery gesien? ---Nee.

Wat, dan, werklik, was die gevaar wat jy gesien het? --- As die mense wou weggan, by voorbeeld wou omdraai en huis-toe gaan, dan sou ek se sou daar nie gevaar gewees het nie. Maar die posisie was, daar was 'n skare van rondom 15,000 tot 20,000 rondom die polisieostasie, met 'n aantal blankes binnekant. Dit kan eensentlik nie se bly nie. Iets moet gebeur.

Of hulle moet weg, of hulle moet in; een van die twee. Nou, die Polisie was daar, veel ek, in 'n posisie gewes waar die ding na 'n kant-toe mees ontwikkel - of weg, of in; een van die twee. Ek het gesien weg sou hulle nie, want van die nêre af het die skare net aangegroei, en in kon 'n mens hulle omseentlik nie toelaat nie, want sou hulle in, dan is die massa so groot gewes dat jy definitief nie wet en orde sou kon handhaaf nie. Jy sou nie jou eie bestaan kon handhaaf nie. Met dié sê ek ek was eensins verbaas gewes toe ek gehoor het daar word gevuur buite nie. Ek het dit ook as die enigste uitweg beskou.

Was daar onder die skare enige wat hulleself aangebied het vir arrestasie? --- Toele het vir my gesê - hy het homself nie aangebied vir arrestasie nie, maar hy het gesê "Ek het nie 'n bewysboekie nie" "ook nie een van die ander mense buite nie; ons kom, ons wil gearresteer wees". Dit is die aanbieding wat hy gemaak het. Maar van die ander het hulle nie aangebied, wat ek van weet nie.

As 'n mens dit as 'n versoeking beskou, sou jy dit raadsaam gegag het, toe, om die hek oop te maak en 'n klomp van hulle in te neem en te arresteer? --- Nee; dit is onprakties op daardie stadium gewes. In die eerste instansie, as ek, toe hy gekom het en vir my gesê het, "Vang my", vir hom gearresteer het, dan veel ek sou ek onoordeelkundig gehandel het, want daardie arrestasie mag dan die oorsaak wees van die vuurhoutjie wat jy in die skare sou steek. Daar sou ek indirek miskien die oorsaak gewes het, of miskien die direkte oorsaak gewes het van geweld wat van hulle kant gekom het. Om die ander te arresteer

is 'n saak wat onprakties is, want jy kan tog nie 'n paar duisend mense hanteer in 'n Politie-stasie nie. Daar is nie plek en vir hulle aan te hou nie; of jy kan tog nie waarakwings uitmaak aan hulle, of dagvaardings of so-lies nie.

Afgesien van of dit prakties of onprakties sou gewees het, sou jy dit veilig beskou het en dit te doen? ---Nee; ek sou nie.

Maar hy het nou vir jou gesê dat hulle daar is en ...? --- Gearreesteer te word.

